



Publication

BEELD

Page

4

Date

Mon 09 Sep 2019

AVE (ZAR)

16949.59



Seks-onderrig: Tyd om te praat

Andrea Küsel

Omdat moeilike gesprekke oor seks nie tuis gevoer word nie, val die verantwoordelikheid nou op skole om leerlinge daaroor in te lig, anders sit ons met waar mee ons nou sit: ernstige geslagsgeweld.

Só sê dr. Jaco Deacon, adjunkhoof van die Federasie vir Suid-Afrikaanse Skoolbeheerliggame (Fedsas). Hy sê daar moet gepraat word oor seksonderrig en gemeenskappe moet weet waaroor dit gaan.

“Swangerskappe word weggesteek, of in erger gevalle word agterplaas-aborsies gedoen. Dis tyd dat daar oor dié goed gepraat word,” sê hy.

Sy kommentaar volg in reaksie op die nasionale departement van basiese onderrig se geskrewe seksonderriglesse wat tans by sowat 1 500 skole landwyd getoets word.

Die departement het verlede week in 'n verklaring gesê die doel hiervan is onder meer om leerlinge “meer bewus te maak van geslagsgeweld”.

Die departement sê seksonderrig en onderrig in die voorkoming van MIV word reeds sedert



Dr. Jaco Deacon, adjunkhoof van Fedsas.

2000 aangebied as deel van die vak lewensoriëntering. Maar die hoë koers van leerlinge wat swanger raak en MIV opdoen, wys daar was geen verandering in die gedrag van leerlinge nie.

“En baie onderwysers is ongemaklik met die aanbied van seksonderrig.”

Luidens die verklaring het die getal swangerskappe onder leerlinge van 71 234 in 2009 tot 99 041 in 2013 toegeneem.

Die departement het dus in 2017 begin beplan om geskrewe seksonderriglesse by die kurrikulum te voeg.

Lesplanne is gevolglik uitgewerk vir onderwysers wat LO aanbied vir leerlinge van gr. 4



Ouers moet nader aan die vuur staan. Ons het almal se hulp nodig.

— Dr. Jaco Deacon

tot gr. 12. “Die planne is ontwerp om onderwysers te help om wetenskaplik akkurate, ouderdoms- en kultuurgepaste seksonderrig aan te bied,” lui die verklaring.

Dié geskrewe lesplanne word tans in 1 572 skole in die Vrystaat, Gauteng, KwaZulu-Natal, Mpumalanga en die Wes-Kaap getoets voordat dit landwyd ingestel sal word.

Luidens die verklaring het verskeie ingrypings gehelp dat swangerskappe onder leerlinge van 99 000 in 2013 tot 82 000 in 2017 gedaal het.

Deacon sê gesprekke oor seks en geslag gebeur nie meer plaas in ouerhuise nie omdat gesinstrukture verander het.

“Maar as jy kyk na wat die afgelope twee of drie weke gebeur het (die soeklig wat onlangs op

geslagsgegronde geweld begin val het), het ons op die punt gekom dat dié moeilike gesprekke nou in skole en gemeenskappe móét plaasvind.”

Deacon sê dit beteken egter nie dat ouers kan agteroorset omdat die gesprekke in skole gevoer word nie.

“Ouers moet nader aan die vuur staan. Ons het almal se hulp nodig.”

Prof. Elda de Waal, 'n navorsier in die veld van openbare skole aan die Noordwes-Universiteit (NWU), sê dit bekommert haar dat die las op onderwysers al hoe swaarder word.

“Daar is verskeie onderwerpe wat roep om aandag, maar dit raak te veel. Onderwysers se werkvlading raak net te groot vir een persoon om te kan hanteer.”

De Waal sê onderwysers moet objektief wees wanneer hulle seksonderrig aanbied. “Maar hoe bly 'n mens objektief met só 'n teer onderwerp? Wat nog te praat van verskillende gelowe se sienings oor seks?”

Sy sê om bloot elke keer die kurrikulum te verander as 'n probleem in die samelewing opduik, gaan nie die probleem oplos nie.